

21. Wat mense kies as Jesus hulle uitnoui om kinders van die Here te word

Jesus se volwasse jare 3



Doelwit: Dat die juniors sal hoor dat mense verskillend reageer as Jesus hulle uitnoui om kinders van die Here te word.

Bybelgedeelte: Lukas 8:4-8, 11-15

Kerngedagte: Mense kies nie almal dieselfde as Jesus hulle uitnoui om kinders van die Here te word nie.

Kernvers: Johannes 9:39 'Ter wille van 'n beslissing het Ek na hierdie wêreld gekom ...'



Vorbereiding

Vorbereiding en hulpmiddels vir Grootgroepbediening (GGB)

- Berei die GGB as 'n geheel voor.
- Groot plakkaat/ baniere/ PowerPoint-skyfies met die woorde: 'Welkom Juniors!' en 'My belangrike Bybelstories'
- Plakkaat/ PowerPoint-skyfie met die kerngedagte en -vers vir vandag

Plakkaat-aanbieding:

- Prent van die saaiër
- Prent van die saaiër en die vier tipes grond

PowerPoint-aanbieding (Alternatief vir plakkaat- en karakter-aanbieding):

- Elke karakter en gebeure kan net bygevoeg word soos die vertelling vorder.
- Prente kan op Google Images of Pinterest gekry word.

Vorbereiding en hulpmiddels vir Kleingroepbediening (KGB)

- Berei die KGB as 'n geheel voor. Voorsien inkleurkryte.
- Die KGL fasiliteer die Pretaktiwiteit.



Ontvangs

Ontvangs en speletjies

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

Opruimtyd

Dieselfde as by Ontmoeting 3.



Grootgroepbediening (GGB)

Gebed

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

Verwelkoming en gelukwensings

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

Sang

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

Lees

Daar kan selektief uit Lukas 8:4-8 en 8:11-15 gelees word.

Boodskap

Agtergrondinligting

Vir die GGL: Geen.

Vir die kind: Verduidelik die volgende woorde/ frases: 'n Ploeg. 'n Masjien wat deur 'n trekker getrek word om die grond mee los te maak. Om te ploeg: Om met 'n ploeg agter 'n trekker die grond los te maak sodat mense dan in die los grond kan plant. Onkruid: Slegte plante in die grond wat dit vir ander plante moeilik maak om te groei en mooi te word.

Inleiding

Maats, ek het vir julle gesê dat ek later vir julle gaan vertel wat Jesus vir die mense vertel het om kinders van die Here te word. Vandag gaan ek een van daardie stories vir julle vertel.

Om te wys dat mense nie almal dieselfde kies as Jesus hulle uitnooi om kinders van die Here te word nie, het Jesus vir hulle 'n storie vertel om dit mooi te verduidelik. Kom luister saam met my.

Spanningslyn

Maar kom ek vertel julle net eers hoe die mense se lande gelyk het waar die mense in Jesus se tyd geplant het en ook hoe hulle in Jesus se tyd geplant het.

Die lande in Jesus se tyd het nie soos ons boere van vandag se lande gelyk nie. Hulle het nie trekkers en ploë soos ons boere van vandag gehad waarmee hulle die grond kon losmaak nie. Daarom was die grond op party plekke somer nog klipperig. Op ander plekke was daar nog onkruid in die grond wat dit vir ander plante moeilik gemaak het om te groei en mooi te word. Dan was daar ook voetpaaie in hulle lande waarop die mense geloop het wanneer hulle plant.

Die mense het in Jesus se tyd ook nie geplant soos wat ons boere vandag mooi in rye plant nie. Hulle het saad in 'n mandjie gehad en dit dan somer so deur die lug gegooi dat dit op die grond val. Hierdie manier van plant het hulle saai genoem. (Wys prent van die saaiër wat saad saai.) Van die saad het dan op die voetpaaie geval. Van die saad het ook op klipperige grond geval waarop daar net 'n klein bietjie grond was. Ander saad het tussen onkruid geval wat dit vir die saad moeilik gemaak het om te groei en so gekeer het dat dit mooi plante word. En natuurlik het van die saad in goeie grond geval en mooi plante geword.



Nou ja, daar was weer baie mense om Jesus. Hy't toe vir hulle die storie van 'n man vertel wat saad in sy land saai.

Van die saad het op 'n voetpad in die land geval en voëls het dit kom oppik.

Van die saad het op die klipperige grond geval met net 'n klein bietjie grond daarop en dit het gou-gou begin groei. Maar omdat daar nie baie grond was nie, het die wortels nie diep gegroei nie en het die warm son die plantjies gou-gou doodgebrand.

Van die saad het tussen die onkruid geval en het begin groei, maar die onkruid het dit vir die saad moeilik gemaak om te groei en dit het lelike plante geword.

Van die saad het in goeie grond geval en het mooi gegroei en sommer baie plante geword.

Soos ek gesê het, het Jesus hierdie storie gebruik om vir die mense te verduidelik dat *mense nie almal dieselfde kies as Hy hulle uitnooi om kinders van die Here te word nie*. Hy het dit só verduidelik.



Die man wat saad in sy land saai is soos Jesus.

Die saad is soos *Jesus se woorde waarmee Hy mense uitnooi om kinders van die Here te word*.

Die vier soorte grond waarin die saad val, is soos *vier verskillende maniere hoe mense kies as Jesus hulle uitnooi om kinders van die Here te word*.

Die saad wat op die pad val, is soos mense wat *hóór dat Jesus hulle uitnooi om kinders van die Here te word*, maar wat dit dan nie dóén nie. Die voëls wat die saad oppik, is soos die duiwel wat keer dat hulle mooi hoor *dat Jesus hulle uitnooi om kinders van die Here te word*. Hierdie mense is nie kinders van die Here nie.

Die saad wat op die klipperige grond val met min grond daarop en wat dan gou opkom, maar doodbrand as die warm son opkom, is soos mense wat *hóór dat Jesus hulle uitnooi om kinders van die Here te word* en wat aan die begin bly is, maar wat na 'n rukkie ophóú wanneer dit nie meer maklik is om 'n kind van die Here te word nie. Hierdie mense maak net of hulle kinders van die Here geword het, maar is nie regtig kinders van die Here nie.

Die saad wat tussen die onkruid val en wat dan begin groei, maar deur onkruid moeilik gemaak word om te groei en lelike plante word, is soos mense wat *hóór dat Jesus hulle uitnooi om kinders van die Here te word* en dit dan dóén, maar wat so vasgehou word deur dinge soos geld en bekommernisse, dat hulle nie altyd tyd vir die Here het nie. Hierdie mense is kinders van die Here, maar is nie altyd mooi kinders van die Here nie.

Klimaks

Die saad wat in goeie grond val en mooi, groot plante word, is soos mense wat *hóór dat Jesus hulle uitnooi om kinders van die Here te word* en dit dóén én nog áánhou om mooi kinders van die Here te wees. Hierdie mense is ook kinders van die Here, maar hulle hou aan om mooi kinders van die Here te wees.

Afsluiting

Jesus het nog baie ander stories vertel van die nuwe lewe as 'n mens 'n kind van die Here word.

Finale toepassing

Maats, soos watter soort grond dink julle wil die Here hê julle moet wees? ... Ja, soos goeie grond.

Dis mense wat hóór dat *Jesus julle uitnooi om kinders van die Here te word* én dit dan dóén en dan nog áánhou om mooi kinders van die Here te wees. Maar soos watter soort grond, dink jy, is jy nou? ... As daar dalk van julle is wat nog onseker is of julle regtig 'n kind van die Here is, kom sê dit na die tyd vir my, dan maak ons 'n tyd om verder daarvoor te gesels. Dis die heel belangrikste ding waarvoor ek en jy in hierdie lewe seker moet wees.

Die kinders gesels nou verder in hulle kleingroepe.



Kleingroepbediening (KGB)

Lewensdeling

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

Terugvoering van vorige Ontmoeting

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

Pretaktiwiteit

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

Tuisaktiwiteit

Dieselfde as by Ontmoeting 3.

Gebed

Dieselfde as by Ontmoeting 3.



Verversings

Dieselfde as by Ontmoeting 3.